

20 November 2022 10.30

Zoom-byeenkoms

info@Kruiskerk.co.za

Skriflesing: Lukas 23 verse 33-43

Tema: Oor metafore, watter een verwysend na die Here Jesus, vind werklik aanklank in jou lewe?

BROODJIES VIR DIE PAD

“People say that eyes are windows to the soul.”
— *Khaled Hosseini*, *The Kite Runner*

“I'm a little pencil in the hand of a writing God, who is sending a love letter to the world.”
— *Mother Teresa*

“Half the people in the world think that the metaphors of their religious traditions, for example, are facts. And the other half contends that they are not facts at all. As a result we have people who consider themselves believers because they accept metaphors as facts, and we have others who classify themselves as atheists because they think religious metaphors are lies.”
— *Joseph Campbell*, *Thou Art That: Transforming Religious Metaphor*

“When we want to give expression to a dramatic situation in our lives, we tend to use metaphors of heaviness. We say that something has become a great burden to us. We either bear the burden or fail and go down with it, we struggle with it, win or lose. And Sabina - what had come over her? Nothing. She had left a man because she felt like leaving him. Had he persecuted her? Had he tried to take revenge on her? No. Her drama was a drama not of heaviness but of lightness. What fell to her lot was not the burden, but the unbearable lightness of being.”
— *Milan Kundera*, *The Unbearable Lightness of Being*

“The reappearance of the crescent moon after the new moon; the return of the Sun after a total eclipse, the rising of the Sun in the morning after its troublesome absence at night were noted by people around the world; these phenomena spoke to our ancestors of the possibility of surviving death. Up there in the skies was also a metaphor of immortality.”
— *Carl Sagan*, *Cosmos*

“The poet...is the man of metaphor: while the philosopher is interested only in the truth of meaning, beyond even signs and names, and the sophist manipulates empty signs...the poet plays on the multiplicity of signifieds.” — *Jacques Derrida*

“For me, reason is the natural organ of truth; but imagination is the organ of meaning. Imagination, producing new metaphors or revivifying old, is not the cause of truth, but its condition.” - *C.S. Lewis*
Mere Christianity

“A miracle is when the whole is greater than the sum of its parts. A miracle is when one plus one equals a thousand.”

— *Frederick Buechner*, *The Alphabet of Grace*

“God is the comic shepherd who gets more of a kick out of that one lost sheep once he finds it again than out of the ninety and nine who had the good sense not to get lost in the first place. God is the eccentric host who, when the country-club crowd all turned out to have other things more important to do than come live it up with him, goes out into the skid rows and soup kitchens and charity wards and brings home a freak show. The man with no legs who sells shoelaces at the corner. The old woman in the moth-eaten fur coat who makes her daily rounds of the garbage cans. The old wino with his pint in a brown paper bag. The pusher, the whore, the village idiot who stands at the blinker light waving his hand as the cars go by. They are seated at the damask-laid table in the great hall. The candles are all lit and the champagne glasses filled. At a sign from the host, the musicians in their gallery strike up “Amazing Grace.”

— *Frederick Buechner*, *Telling the Truth: The Gospel as Tragedy, Comedy, and Fairy Tale*

“En zij liep met hare onzekerheid rond als met een lossen tand die zij niet trekken kon maar waaraan zij telkens voelen moest.”

— *Frederik van Eeden*, *Van de koele meren des doods*

“Both metaphor and simile depend on our innate capacity for seeing correspondences. Such is an essential part of our ability to make sense of the world. Observing (perceiving) that ‘this resembles that’ (in abstract as well as visible ways) is an intellectual process central to the narratives we spin about our lives, about others, about natural processes, about any spiritual (religious) beliefs we might have. We use this intellectual process seriously in trying to explain things, and unselfconsciously in our everyday language. It is also an essential trait of humour.”

— *Simon Unwin*, *Metaphor: an exploration of the metaphorical dimensions and potential of architecture*

“Miriam wished for so much in those final moments. Yet as she closed her eyes, it was not regret any longer but a sensation of abundant peace that washed over her. She thought of her entry into this world, the harami child of a lowly villager, an unintended thing, a pitiable, regrettable accident. A weed. And yet she was leaving the world as a woman who had loved and been loved back. She was leaving it as a friend, a companion, a guardian. A mother. A person of consequence at last. No. It was not so bad, Miriam thought, that she should

die this way. Not so bad. This was a legitimate end to a life of illegitimate belongings.”

— *Khaled Hosseini, A Thousand Splendid Sun*



Dana Snyman

LAIKA, EK SIEN JOU VASGEGORD IN 'N STAALKOKON

Ek dink in die laaste ruk weer aan jou, Laika. Jy in daardie klein kajuit in Spoetnik 2, iewers tussen die aarde en die verste einders van die heelal, 65 jaar gelede. November 1957.

Die eerste lewende wese wat verplaas is na 'n wentelbaan buite die atmosfeer van dié silwerige planeet waarop ons woon.

Jou storie woon al vir so lank in my hart: Hoe hulle jou in die agterstrate van Moskou gesien en gevang het, 'n straatbrakkie, 'n kruising tussen 'n hond en nog 'n onvolbloed hond, die room van die skuim, nes die twee engele wat smiddae saam met my die bergpad vat.

Dit was in die tyd toe die Koue Oorlog op sy warmste was, toe die Sowjetunie en Amerika nie net oor die aarde wou heers nie, maar ook oor die uitspannel en oneindigheid.

Hoe die Russe Spoetnik 1 in Oktober 1957 gelanseer het – die eerste mensgemaakte voorwerp wat die aarde se atmosfeer penetreer. En hoe Nikita Chroesjtsjef, die Russiese president, opdrag gegee het dat nóg 'n Spoetnik die onverkende vertes in geskiet moet word – dié keer met vlees en bloed en asem aan boord.

O, hoe heerlik is die mens en die werkinge van sy hande.

Hoe hulle jou na die ruimtestasie buite Moskou gebring en voorberei het vir die ver tog na jou dood toe. Jy moes 'n tefie wees, dit sou dinge makliker maak wanneer die natuur jou roep.

Allerhande toestelle en sensors is aan jou gekoppel. En jy moes 'n kleur wees wat jou duidelik sigbaar op foto's maak.

Jy het baie soos my oupa Danie se foksie, Ore, gelyk, as 'n mens na die foto's kyk.

Ek sien jou daar in Spoetnik 2 se neus sit, een oor op en een oor af, vasgegord in jou staalkokon. Het jy geblaf of getjank toe die vuurpyl waarmee jy opgevaar het na die hemel teen 'n verbysterende snelheid die lug in opskiet, inner die lug in? In die ruimtestasie kon hulle op grafieke sien hoe jou hartklop tot drie keer die normale versnel.

Oor die jare heen is jy op baie maniere vereer: 'n Monument is vir jou gebou, jy het op posseëls verskyn, liedjies is oor jou geskryf.

In Haruki Murakami se roman Sputnik Sweetheart word jy 'n simbool van ons, die bewoners van hierdie vernielde planeet, se onvermoë om sinvol met mekaar te praat, ons harte oop te maak, mekaar lief te hê. Ons, wat knaend soos satelliete by mekaar verbybeweeg, elkeen vasgegord in sy alleenheid.

Hoe bang en verskrik moes jy nie gewees het nie. Hulle het gedink jy sal vir minstens sewe dae daar bo leef, maar ná 'n bietjie meer as 'n uur het die temperatuur in die tuig onleefbaar hoog geword. Vier jaar later, in 1961, het Joeri Gagarin die eerste mens geword wat die ruimte in is. In 1969 het Neil Armstrong die eerste tree op die maan

gegee. En nou, terwyl 'n nuwe koue oorlog woed, is daar die moontlikheid van mense op Mars. Jy het gesterf vir ons onbepaalde drome en versugtinge.

RRV

WAT IS 'N WÊRELD SONDER DIE VREUGDE VAN HONDE?

Wat sal die wêreld wees sonder musiek of riviere of sagte groen gras? Wat sal hierdie wêreld wees sonder honde?

Met dié vrae eindig die bekroonde Amerikaanse digter Mary Oliver haar *Dog Songs: Poems* (2013).

Reeds vroeg in die bundel laat Oliver blyk hoe sy na honde kyk: “if you are holding this book you should know / that of all the sights I love in this world – / and there are plenty – very near the top of / the list is this one: dogs without leashes.”

In *Dog Songs* skryf Oliver met deernis en fyn waarneming oor 'n hele aantal van die honde wat deur die jare in haar lief en leed gedeel het. En uit haar gedigte is dit duidelik dat honde die wêreld, en haar lewe, 'n beter en 'n vriendeliker plek maak.

Oliver wys verder daarop dat ons ook darem nie net honde se karaktertrekke moet idealiseer nie.

In die gedig “A Wicked Smile” lees ons byvoorbeeld van Ricky wat met sy oë sê dat hy vir dae nog niks geëet het nie, en dat as hy ontbyt kan kry hy iets sal deel wat sy eienaar nie weet nie.

Nadat hy sy ontbyt verorber het, erken Ricky met 'n skelm glimlag dat iemand anders reeds vir hom ontbyt gegee het.

Daarom dié gedig se slotreëls: “Be prepared. A dog is adorable and noble / A dog is a true and loving friend. A dog / is also a hedonist.”

Teen die einde van *Dog Songs* bevestig Oliver die gedagte dat sy nie net lof wil bring aan honde se oulikheid of getrouheid nie, maar ook aan wat sy beskryf as die wildernis in hulle, 'n wildernis wat ook in 'n sin ons eerste tuiste is.

Daarom herinner honde ons aan die vreugdes en grasia van liggaamlikheid, die skerpte en verrukking wat ons sintuie bring, en die skoonheid van die oseaan, van reën en van ons eie asem. Dalk is dit hoekom Oliver so 'n voorliefde het om honde sonder leibande te aanskou. Want honde aan leibande kan ons nie herinner aan dit wat verlore, misterieus, edel of goed is nie.

Soos sy skryf:

“Only unleashed dogs can do that. They are a kind of poetry themselves when they are devoted not only to us but to the wet night, to the moon and the rabbit-smell in the grass.”

Oliver onderstreep graag dat ons baie by honde se uitbundigheid kan leer wanneer hulle vrygelaat word.

Deur hul vreugdevolheid vermeerder ons vreugde. En dit is, soos Oliver tereg opmerk, geen geringe gawe nie.